# s.a.w.a pretoria

## nuusbrief nr 3

### HENGELAARSVRIEND 11-13 MAART `11

Die Saayman`s en Stander`s het al weer die Donderdag `n vroee naweek gemaak, het hulle dalk die Lotto gewen?

Vrydag het die waens so een vir een daar aangekom, Riana was op haar pos om elke liewe gaatjie wat beskikbaar was `n wa staangemaak. Oral het jy net visstokke en lyne gesien blink soos almal gereed gemaak het vir die afskop van die kompetisie. Elke deelnemer het `n botteljie doepa gekry wat gewaarborg was om die GROTES uit te trek(ons wag nog steeds).Na boekevat is daar met alle erns lyne ingegooi.
Saterdagoggend is vroeg Boekevat gehou, die vise wat tot oorlopens toe gevoer is het nog geslaap. Smit, Buks en Lukie het `n konkoksie van KWV, Buttermilk Delight en ANC probeer wat duidelik die JEUG(baba vissies) gelok het. Andre Saayman het maar `n middagslapie gaan vang en selfs Dries Engelbrecht se afval- mengsel kon nie eers `n hond uittrek nie. Die manne was so besig dat menige vrouens maar self die vure moes aansteek en braai.

Sondag oggend het Jannie Buitendach weereens vir ons `n inspirerende boodskap gebring oor die simbole van die RIET. Ons sien altyd uit na die boodskappe wat die Here op sy hart plaas.

STATISTIEKE: 13 Lede + 6 Besoekers

LIEF: Jannie Buitendach slaag sy 2 de jaar eksamens met Lof.

| | | | |
|---|---|---|---|
| VERJAARSDAE: | 14 Mrt - Hennie Bloemhof | 18 Mrt – Frank Jacobs | 30 Mrt – Zani Botes |
| | 14 Apr – Jan Broodryk | 16 Apr – Audrey Lotter | 24 Apr – Ansie Aucamp |

LOODJIE: Gewen deur Lukie(seker vir die 10 de keer)

BAKGAT TROFEE: Jannie Buitendach- Vir sy inspirerende boodskap

P/PI POT: Smittie- karavaan se brieke slaan vas en hy bring `n bord saam met GEEN visvang.

KAMPKOMMANDANTE : Jan &Riana Broodryk en Andre & Cariena Saayman.

VOLGENDE KAMP: Mopanie 13 – 15 MEI